MEDIA-verklaring
17 Mei 2007

CAPITEC SPOG MET HOëR MOODY'S-GRADERING

Moody's Investor Service het Capitec Bank Beperk, Capitec se bankfiliaal, se langtermyn nasionale kredietgradering met twee punte opgeskuif van Baa1.za tot A2.za. Die korttermyn-gradering bly onveranderd en is bevestig op Prime-2.za.

Die langtermyn-gradering weerspieël goeie langtermyn-kredietgehalte terwyl die korttermyn-gradering dui op 'n sterk vermoë om korttermyn-skuldverpligtinge na te kom.

Moody's het onlangs die graderingsresultate vir Suid-Afrikaanse banke bekend gemaak as deel van sy verfynde interafhanklike wanbetalingsontleding (JDA) en opgedateerde graderingsmetodologieë om die finansiële sterkte van banke te bepaal (BFSR).

Volgens Moody's weerspieël die JDA vir banke groter deursigtigheid, konsekwentheid en toenemende erkenning van die waarskynlikheid van eksterne ondersteuning. Die BFSR-metodologie werp meer lig op die graderingsproses vir banke, sluit 'n graderingstelkaart in en meet die intrinsieke finansiële gesondheid van 'n bank as 'n alleenstaande entiteit, sonder verwysing na eksterne ondersteuningsfaktore.

Capitec Bank het in Maart 2001 met bankbedrywighede begin. Sy beheermaatskappy is in Februarie 2002 genoteer, ten tyde van die kleinbanke-krisis in Suid-Afrika. "Dit was destyds baie moeilik om groothandel-befondsing te bekom," sê André du Plessis, finansiële direkteur van Capitec Bank.

“In Januarie 2006 is die bank vir die eerste keer gegradeer. Ons was ingenome om in daardie stadium ’n beleggingsgraad nasionale-skaal uitreikergradering te bekom. Dit het beslis ons geloofwaardigheid ’n hupstoot gegee en ons toegang tot befondsing verbeter,” sê Du Plessis.

Sedert sy stigting, het die groep sy finansiële posisie en resultate voortdurend verbeter. Aandeelhouersfondse het van R391 miljoen in Februarie 2002 toegeneem tot R1,1 miljard in Februarie 2007. Saamgestelde groei in verdienste van 27% is oor die afgelope 5 (vyf) jaar behaal en die groep se opbrengs op aandeelhouersekwiteit vir die jongste jaareinde het 26% bedra.

“Benewens die verbeterde finansiële statistiek, het ons ook ons bedryfsdoeltreffendheid, beheerraamwerk en kredietmodelle voortdurend verbeter. Ons glo dit is een van die groot redes waarom ons kredietgradering met twee punte gestyg het,” sê Du Plessis.

Moody’s se hoofbestuurder en hoofontleder vir Suid-Afrikaanse banke, Mardig Haladjian, sê: “Capitec Bank se opgradering tot A2.za weerspieël die vordering wat gemaak is ten opsigte van die sakemodel, asook die verbetering in finansiële prestasie die afgelope jaar. Moody’s se opgedateerde graderingsmetodologie het ons in staat gestel om skerper hierop te fokus. Dit het tot die hoër gradering bygedra.”

Du Plessis sluit af: “Die bank vaar goed. Ons groei volgens ons bedryfsdoelwitte, en hoewel ons nie tans addisionele fondse nodig het nie, bly ons geloofwaardigheid as ’n depositonemende instelling uiters belangrik – ook vir toekomstige befondingsvereistes.”

EINDE

Uitgereik deur Capitec Bank

Navrae:

André du Plessis (FD)
Capitec Bank
Tel: 021 809 5905
Sel: 083 675 3340
E-pos: andreduplessis@capitecbank.co.za

Yolande van Rensburg
Capitec Bank
Tel: 021 809 5998
Sel: 072 480 3617
E-mail: yolandevanrensburg@capitecbank.co.za